Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: CA & R 69/04

Datum verhoor: 2004-08-02
Datum gelewer: 2004-08-06

In die appél van:

**WILHELMINA MAGDALENA VAN JAARSVELD APPELLANT**

*versus*

**DIE STAAT RESPONDENT**

Coram: MAJIEDT R *et* TLALETSI R

# UITSPRAAK

**MAJIEDT R:**

1. Die Appellant is skuldig bevind op twee aanklagte van diefstal. Sy het aanvanklik tereg gestaan op drie aanklagte van bedrog, alternatiewelik diefstal en nog 'n vierde aanklag van bedrog. Sy is vervolgens op aanklagte 1 en 2 op die twee alternatiewe aanklagte van diefstal skuldig bevind en aan die ander aanklagte is sy onskuldig bevind en ontslaan. Die twee aanklagte is saamgeneem vir vonnisdoeleindes en die Appellant is toe gevonnis tot vyftien maande korrektiewe toesig ingevolge artikel 276(1)(h) van die Strafproseswet, Wet 51 van 1977 (*die Wet*) se bepalings. Sy kom nou in hoër beroep teen haar skuldigbevinding.

2. Namens die Staat het Me Van Dyk voor ons geredelik tydens betoog toegegee dat die skuldigbevindings op die twee voormelde aanklagte nie ondersteun kan word nie.

Dit is steeds nodig om 'n volledige uitspraak hierin te gee, alhoewel daar nie in groot besonderhede met die getuienis gehandel sal word nie, gegewe die voormelde toegewing deur die Staat.

3. Die Staat het in die klagstaat beweer dat, ten aansien van die twee aanklagte waarop die Appellant uiteindelik skuldig bevind is, die Appellant die klaagster, ene Me Elsie Jonkers, bedrieg het ten aansien van aanklag 1 van 'n bedrag van R3000.00 en ten aansien van aanklag 2 van 'n bedrag van R4000.00. Dit was gemene saak en het die landdros dit tereg as bewese bevind, dat die twee voormelde bedrae wel uit die klaagster se bankrekening onttrek is op onderskeidelik die *13de* September 1999 en die 6*de* Augustus 1999. Die landdros het, heeltemal tereg ook na my mening, bevind dat die Staat nie die

hoofaanklagte van bedrog bewys het nie. Die vraag wat egter ontstaan is of die landdros korrek was in sy bevinding dat die Staat wel diefstal bewys het op dié betrokke twee aanklagte.

4. Die getuienis van die klaagster (wat 'n enkelgetuie was ten aansien van die inkriminering van die Appellant op dié twee aanklagte) was dat sy op dié datums voormeld deur die Appellant, wat in diens was van die Departement van Welsyn, na die bank geneem is en waar die geld onttrek is. Die klaagster beweer dat sy die volle bedrae oorhandig het aan die Appellant. Wat aanklag 1 aanbetref sou die geld onttrek gewees het vir die aankoop van meubels. Volgens die klaagster het sy nooit enige meubels ontvang nie. Wat aanklag 2 aanbetref is die geld onttrek vir die aankoop van meubels, te wete 'n yskas,

dubbelbank, 2 matrasse en ‘n paraffienverwarmer by *Lewis* meubelwinkel te Hartswater. Die Staat het ook die getuienis gelei van ene Me Mokgoe, ‘n verkoopsdame by die voormelde *Lewis* meubelwinkel te Hartswater. Sy het bevestig dat die Appellant en die klaagster op die 6*de* Augustus 1999 daar aangedoen het. Die klaagster het die praatwerk gedoen en aangedui dat sy kom kyk het vir meubels en het self rondgegaan en die meubels uitgesoek. Die meubels is uiteindelik ingevolge ‘n afbetaal-verkoopooreenkoms aangekoop en ‘n bedrag van R450.00 is as deposito inbetaal deur die klaagster, aldus Me Mokgoe.

5. Die Appellant het self getuig in haar saak en het ontken dat sy ooit op enige stadium enige geld vanaf die klaagster ontvang het. Sy het aan die verhoorhof vertel

dat sy die klaagster ontmoet het deur 'n kollega van haar, ene Me Moolman, aangesien die klaagster probleme gehad het met haar pensioenbetalings. Volgens die Appellant het sy van tyd-tot-tyd die klaagster bygestaan om onttrekkings te maak vanuit haar bankrekening, omrede daar 'n probleem was ten aansien van die fondse in dié rekening – die besonderhede waarvan nie nou tersaaklik is nie. Die Appellant het egter heftig ontken dat sy self ooit enige geld onttrek het namens die klaagster, of dat sy ooit enige geld wat onttrek is deur die klaagster van laasvermelde ontvang het.

6. Die landdros het in sy uitspraak deeglik kennis daarvan geneem dat die klaagster 'n enkelgetuie is wat betref die wesenlike elemente van die misdrywe waarop die Appellant tereggestaan het op aanklagte 1 en 2. Hy het

dan ook kennelik gesoek na waarborge vir betroubaarheid van die klaagster se weergawe en vir stawing van haar getuienis soos wat vereis word in artikel 208 van die Wet. Waar ek verskil van die landdros se benadering is met sy toepassing van die voormelde versigtigheidsreël ten aansien van die klaagster se getuienis. Ek ag dit dienstig om kortliks te handel met die basis van die skuldigbevinding op die betrokke aanklagte. Die landdros maak die volgende bevinding ten aansien van die klaagster se getuienis:

"Die waarskynlikhede toon egter aan dat myns insiens, dat Elsie Jonkers inderdaad telkemale geld aan u oorhandig het."

Die motivering vir hierdie bevinding is die feit dat die klaagster onder strawwe kruisverhoor volgehou het dat sy geld aan die Appellant oorhandig het. Die landdros neem ook in ag die klaagster se getuienis dat sy die Appellant

as ‘n persoon in ‘n gesagsposisie beskou het wat gedoen het wat die Appellant van haar verlang het. Hierdie motivering gaan na my mening hoegenaamd nie op nie. Ongeag hoeveel keer ‘n enkelgetuie ‘n bewering herhaal, is dit nie genoegsame stawing vir so ‘n enkelgetuie se getuienis nie. Per slot van sake kan ‘n enkelgetuie tog nie hom- of haarself staaf nie.

7. Op aanklag 2 het die landdros bevind dat die Appellant se optrede nie versoenbaar was met die doel of rede soos wat sy voorgehou het in haar getuienis nie. Volgens hom val dit vreemd op dat die Appellant die klaagster wou help, maar tog uiteindelik toegelaat het dat die klaagster die meubels op ‘n afbetalings-verkoopooreenkoms aankoop met die gepaardgaande hoë rente wat daaraan verbonde is. Volgens hom val dit ook vreemd op dat die

Appellant nie eerder die klaagster oorreed het om die goedere kontant te koop nie. Hierdie benadering laat heeltemal buite rekening die onbetwiste bewering van die Appellant dat die klaagster se kontantgeld wat sy onttrek het (R4000.00) nie voldoende was om die meubels aan te koop nie. Bowendien het die landdros gefouteer deur uit die oog te verloor dat die klaagster ook met die kontant wat sy onttrek het kruideniersware aangekoop het. 'n Verdere probleem in die klaagster se weergawe is dat, volgens haar, die Appellant self die meubels uitgesoek het en self die onderhandelinge gedoen het ten aansien van die opening van 'n rekening vir haar. Dié getuienis is heeltemal teenstrydig met dié van Me Mokgoe wat beweer dat dit inderdaad die klaagster was wat die meubels uitgesoek het.

8. Die klaagster se getuienis op die oorkonde skiet heeltemal tekort aan die maatstaf wat gestel word vir dié van ‘n enkelgetuie, naamlik dat sodanige getuienis in alle wesenlike opsigte bevredigend moet wees. Me Jonkers is uiteraard ‘n ongeletterde en ongekunstelde bejaarde dame met baie min insig in hofverrigtinge. Tog doen dit nie afbreuk daaraan nie dat haar getuienis wemel van vaaghede, verwarring en etlike teenstrydige aspekte. Daarenteen het die Appellant, oor die algemeen gesien, bevredigende getuienis afgelÍ. Daar kan verder nie gesÍ word dat haar getuienis vals bo redelike twyfel is nie. Die indruk wat geskep word oor die algemeen uit haar weergawe is dat sy gepoog het om pensioenarisse, insluitende die klaagster, van hulp te wees. Daar is niks op die oorkonde wat haar ontkenning dat sy ooit geld van die klaagster ontvang het, weerspreek nie.

9. Diefstal word deur SNYMAN *Strafreg* (4de uitgawe) as volg omskryf (te p.483):

> "Diefstal is die wederregtelike, opsetlike toe-eiening van 'n roerende liggaamlike saak wat
>
> a) aan iemand behoort en in iemand anders se besit is; of
>
> b) aan iemand anders behoort en in die dader se eie besit is; of
>
> c) aan die dader self behoort maar in iemand anders se besit is en sodanige ander 'n reg het om die saak te besit wat regtens voorkeur geniet bo die dader se besitreg,
>
> met dien verstande dat die opset om die saak toe te eien 'n opset om die saak blywend te ontneem, insluit."

Die element van die toe-eiening (die *contrectatio)* van 'n ander se saak is uiteraard wesenlik tot die omskrywing van die misdryf. In hierdie saak het die Staat heeltemal daarin gefaal om sodanige toe-eieningshandeling aan die kant van die Appellant te bewys en het Me Van Dyk derhalwe noodgedwonge die handdoek ingegooi wat betref die skuldigbevinding.

10. Gevolglik is ek die mening toegedaan dat die skuldigbevinding regtens onontvanklik is en word die skuldigbevindings en vonnisse op die twee aanklagte ter syde gestel.

____________

**SA MAJIEDT**

**REGTER**

**Ek stem saam:**

______________

**LP TLALETSI**

**REGTER**

NAMENS APPELLANT : ADV F VAN HEERDEN

NAMENS RESPONDENT : ADV E VAN DYK

DATUM VAN VERHOOR : 2004-08-02

DATUM VAN UITSPRAAK : 2004-08-06